

# tref die kol

Diervelmotiewe is dié seisoen se warm mode-nuus. Maak self vir jou 'n paar stukke of gee 'n ou hemp, trui of pakkie nuwe trefkrag met 'n stukkie afronding. Deur Riana van der Merwe

## AFKORTINGS

AP = agterpant  
VP = voorpant  
MA = middel agter  
MV = middel voor  
NT = naattoelating  
BEL = belegsels  
RK = regte kant  
VK = verkeerde kant

## ALGEMENE AANWYSINGS

- Was kledingstof vooraf sodat dit kan krimp.
- Gebruik bypassende masjiengare.
- Trek belegsels as afsonderlike patroondele na en versterk met Vilene
- Werk nate af met sigsag-steek van naaimasjien of met omkapmasjien.
- Pars werk namate kledingstuk vorder.
- Gebruik blokpatroonpapier om diagramme op te vergroot. Merk patroonlyne op blokkies met kolletjies en verbind kolletjies dan met soliede lyn.

## Hemp

### JY HET NODIG

1,5 m x 150 cm of 1,7 m x 115 cm wye kledingstof, soos peach skin, of 'n katoenmengsel; 7 oortrekknope; 25 cm Vilene; 25 cm diervelkledingstof.

### MAAK SÓ

1. Trek patroondele na en knip uit sodat jy jou eie papierpatroon het.
2. Knip kraag en mouboordjies uit diervelkledingstof.
3. Stik skouer- en synate.
4. Versterk MV-belegsels en hals se agterste belegsels met Vilene.
5. Stik belegsels vas by skouernate.
6. Vou VP-belegsels op voulyn.
7. Versterk kraag met Vilene. Stik kraag toe, knip hoekies skuins af en dop om.
8. Herhaal bogenoemde met mouboordjies.
9. Speld kraag in posisie deur MA van kraag en bloes op mekaar te plaas. Stik kraag vas. Dun NT uit en stik NT aan belegsels vas.

Stik mou se onderarmnate toe; laat 5 cm oop aan onderkant van mou. Pars NT oop.

11. Vou NT binnetoe by mouboordjies en plaas oor mou. Speld vas en stik boordjies aan moue vas.
12. Maak knoopsgat aan voorkant van elke mouboordjie en werk knoop ooreenstemmend vas.
13. Merk moukopmiddel en speld aan mouholte vas by skouernaat. Stik mou vas.
14. Speld soom in en stik vas.
15. Maak 5 knoopsgate op regter-VP, soos aangedui op patroon.
16. Trek knope oor met diervelkledingstof na keuse. Werk dit ooreenstemmend met knoopsgate vas.

## Diervelkraag en -Mouboordjies

Gebruik daardie klassieke swart nommertjie wat al jare in jou kas hang, maak 'n kraag en mouboordjies van kunspels wat vasknoop en siedaar! 'n


Dramatiesse nuwe voorkoms! Let wel: NT is deurgaans 1 cm.

### JY HET NODIG

50 cm diervelkledingstof; 50 cm voeringstof; 50 cm Vilene; 11 eenvoudige plat knope, sowat 2 cm in deursnee.

### MAAK SÓ Kraag

1. Vergroot patroondele en knip uit. Meet halslyn van jou baadjie en pas grootte van kraag daarvolgens aan indien nodig.
2. Kraaghouband: Knip 2 stroke uit voeringstof vir omvougedeelte wat onder baadjie se halslyn vasgeknoop gaan word. Versterk albei stroke met Vilene.
3. Stik ronde kant van stroke vas, VK opmekaar. Knip kepies waar nodig en dop om.
4. Versterk voeringpant van kraag met Vilene. Speld pante van kraag met VK opmekaar. Stik buitekant van kraag toe. Knip kepies in NT waar nodig en dop om.



10.





5. Speld kraaghouband op diervelkant van kraag by halslyn vas. Stik vas. Vou NT binnetoe en speld vas. Werk toe met glipsoomsteek – onsigbare soomsteek.



6. Maak knoopsgate by MA op kraaghouband en 2 knoopsgate aan albei kante voor aan halslyn. Werk plat knope aan binnekant van baadjie vas, ooreenstemmend met knoopsgate.

### Mouboordjies

1. Knip boordjie-houband net soos by kraag ook van voeringstof en versterk met Vilene. Stik band vas om sirkel te verkry soos mouboordjie.

2. Volg dieselfde aanwysings as vir kraag. Maak 3 knoopsgate ewe ver op boordjie-houband en werk knope aan binnekant van baadjie se mou vas sodat dit met knoopsgate ooreenstem.

3. Knoop vas en vou mouboordjie terug. As dit neig om af te skuif, kan jy dit aan bokant van boordjie aan mou



vaswerk met lussie wat weer maklik verwyder kan word wanneer jy baadjie wil dra sonder kraag en mouboordjies.

Na bladsy 52

## Werk só met kunspels

### UITLÊ VAN PATRONE EN UITKNIP

Lê altyd die patrone só uit dat jy dit kan knip in die rigting wat die pool lê. Stel die rigting van die pelspool vas deur met jou hand daarvoor te vryf. Merk die rigting waarin die pool glad lê aan die verkeerde kant met 'n pyl. Op 'n voltooië kledingstuk moet die pool glad lê in die rigting van die soom.

Kunspels met 'n kort pool kan dubbel gevou word, maar as die pool lank is, is dit beter om die patroondele op 'n enkellaag uit te knip. Hou net mooi kop sodat jy nie twee van dieselfde pante knip nie!

Lê jou patroondele op die verkeerde kant van die kledestof uit. Gebruik 'n skêr met dun lemme. Steek die onderste lem tussen die pooldeeltjies in sodat jy die basismateriaal knip. Jy kan ook die buitelyne van die patroondeel en patroonmerke op die kledestof natrek, die papierpatroon verwyder en dan uitknip.

**Wenk:** Lang kopspele maak die uitknipwerk baie makliker.

### TUSSENVOERINGS EN BELEGSLS

Omdat kunspels nie gestryk moet word nie, word tussenvoeringstof aan die voerings geheg. As die kledingstuk nie 'n voering het nie, werk die tussenbelegsel met visgraatsteke by voue vas en met lang steke op baadjies se lapelle.

### KONSTRUKSIE

Stik so ver moontlik in dieselfde rigting as die pool. Steek lang spelde diagonaal met die selfkant in. As die pels baie gly, kan jy dit eers ryg.

Gebruik sterk gare, soos knoopsgattwyn, 'n dik masjiennaald – nr. 90 of 100 – en stel jou steeklengte op sowat 3-3,5. Toets eers jou naat en verstel jou steeklengte, gare en naald indien nodig na gelang van die gewig van die pels.

Jy kan kunspels ook met 'n omkapmasjien stik. Stel die masjien om 'n platnaat te stik. Trek oop en trek pooldeeltjies

van pels uit naat met 'n speld. Druk nate plat deur dit liggies met 'n rubberhamer te kap. Dun naattoelatings uit deur die pool teen die basismateriaal af te knip.



Om nate onsigbaar te maak: trek die haartjies wat in die naat vasgevang is met 'n speld uit.

**Wenk:** As die pool van jou kunspels plat is, plaas vir 'n paar minute in 'n tuimeldroër wat op warm gestel is. Haal uit en hang oor hanger.

### SORG SÓ VIR JOU KUNSPELS

Kunspels moet liefds droogskoongemaak word. Moenie vuil kolle in sirkelbewegings met 'n handdoek of lap vryf nie – van die pooldeeltjies mag afbreek en van die lap se deeltjies kan in die pels vaskoek. Vee liggies in die poolrigting met 'n klam lap of laat vlekke professioneel verwyder.

Bêre jou kunspels weg van sonlig. Bedek met plastiek sodat stof nie in die pool opgaar nie. Bind 'n sakkie met laventelblometjies om die hanger waaroor jou kunspelsklere hang – dit sal jou pels lekker laat ruik en dit boonop teen motte beskerm.



## Hoedjie

Jy het nodig  
30 cm kunspels; 30 cm voeringstof; 30 cm Vilene.

## MAAK SÓ

1. Vergroot en knip pante uit: knip 1 bodeel en 2 randdele elk uit pels, voeringstof en Vilene, en 1 band uit pels. Stik randdele op reguitsye toe.
2. Plaas bo- en onderdeel met rafelrande opmekaar en stik rondom toe. Herhaal met voeringdele. Knip kepies en dop pelsdeel om. Plaas voering binne-in pels en steek rafelrande op mekaar vas.
3. Stik kort kante van band aan mekaar vas sodat jy sirkel verkry. Pas 1 rafelrand van band op hoed se rafelrand en stik vas. Vou smal soompie in band, ryg vas en vou om binnetoe. Werk met glipsteke aan stiksel aan binnekant vas.

## Riftrui met pelskragie

Hierdie patroon is maklik

## MATE

Noupassend vir borsmaat 82-88(91-97) cm.  
Ware grootte: lengte tot skouer 45 cm; mounaat 44 cm.

## BENODIGDHEDE

Pingouin Jumbo Chunky (200 g-bolle): 4 bolle Sienna, kleur nr 02; paar elk Inox-breinaalde van 4,5 mm en 5,5 mm; 2 stekehous.

## SPANNING

20 ste en 18 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 5,5 mm-Ne. Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

## AFKORTINGS

alt – alternatiewe  
aw – brei aweregs  
beg – begin  
drif – dubbelriffelsteek (r2, aw2)  
erif – enkelriffelsteek (r1, aw1)  
herh – herhaal  
ks – koussteek (1 ry regs, 1 ry aweregs)  
N(e) – naald(e)  
oorbl – oorblywende  
pat – patroonsteek: dubbelriffelsteek  
r – brei regs  
rif – riffelsteek (r1, aw1)  
rs – reksteek (elke ry regs)  
R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk  
st(e) – steek(steke)  
tes – tesame  
vermeer – vermeerder  
vermin – verminder  
vlg – volgende  
weersk – weerskante

## AGTERPANT

\*Gebruik 4,5 mm-Ne en stel 82(92) ste op, brei 5 cm drif. Slaan oor na 5,50 mm-Ne, brei voort in drif tot werk 21(23) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

**Mousgatvorming:** Heg 2(4) ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 68(74) ste oorbly.\*  
Brei voort in drif tot werk 44(48) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

**Skouervorming:** Heg 10 ste af aan beg van vlg 2 rye, dan 9 ste aan beg van daaropvlg 2 rye. Plaas oorbl 30(36) ste op 'n stekehouer.

## VOORPANT

Soos agterpant van \* tot \*.  
Brei voort in drif tot werk 40(43) cm lank is vanaf beg, dit wil sê 8(10) rye korter as agterpant tot skouervorming, eindig met 'n VK-ry.

**Hals- en skouervorming:** Brei 25(27) ste pat, brei 2 tes, draai, brei voort op dié ste en hou oorbl ste eenkant.  
Vermin 1 st aan halsrand van vlg 7(9) rye tot 19 ste oorbly, eindig met 'n VK-ry.

Heg 10 ste af an beg van vlg ry; brei tot einde.

Brei 1 ry.

**Vlg ry:** Heg af.  
Plaas vlg 14(16) ste op 'n stekehouer. Met RK voor, heg werkdraad aan oorbl ste op N.  
Vermin 1 st aan halsrand van vlg 8(10) rye tot 19 ste oorbly, eindig met 'n VK-ry. Brei 1 ry.  
Heg 10 ste af aan beg van vlg ry, brei tot einde. Brei 1 ry.  
**Vlg ry:** Heg af.

## MOUE

Gebruik 4,50 mm-Ne en stel 34(44) ste op, brei 5 cm drif. Slaan oor na 5,50 mm-Ne, maar brei steeds drif en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 42(52) ste op N.  
Vermeer daarna 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry tot 70(80) ste op N.  
Brei reguit tot mou 44(46) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.  
**Moukopvorming:** Heg 2 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry tot 56(62) ste oorbly, eindig met 'n RK-ry.  
Brei 1(3) rye sonder vermin.  
Heg 8(9) ste af aan beg van vlg 6 rye.  
Heg oorbl 8 ste af.

## HALSBOORDJIE

Werk regterskouernaat toe.  
Met RK voor en 4,5 mm-Ne, tel op en r 14(16) ste uit linkerhalsrand van voorpant, 14(16) ste op stekehouer aan voorpant, dan 14(16) ste uit regterhalsrand van voorpant, daarna die 30(36) ste op stekehouer aan agterpant – 72(84) ste.  
Brei 3 rye erif en heg rifsgewys af.

## AFWERKING

Werk linkerskouer- en halsboordjiennaat aaneen toe. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe.  
**Kragie:** Knip strook van sowat 10 cm x 55 cm uit kunspels. Vou dubbel en werk kort sye toe. Vou rafelrande na binne en werk met glipsteke vas. Werk kragie aan voorpant vas en werk knopies en lussies by middel agter van kragie vas. □

